28 Okt

Uitgawe 2009/10/28

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte. Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Swyg voor die HERE en verwag Hom. (**Ps.37:7**). Om op God te wag is nie 'n aktiwiteit waar ons ledig is of probeer om die tyd verby te kry nie, maar dit is 'n aktiewe betrokkenheid om te sien hoe God se beloftes tot stand kom terwyl ons op Sy karakter en krag vertrou om te doen wat Hy belowe het. Terwyl ons wag moet ons leer om op Hom te vertrou en nie op die arm van vlees staat te maak nie, en konstant ons oë op Hom gevestig te hê. ***Almagtige God ons wag op U met vertroue, selfs in tye waar ons niks fisies kan sien nie. Sal U ons vertroue in U verdiep en ons leer om op U te vertrou en nie op ons eie idees of kennis nie.*** (Bron: 21 Days for Global Harvest).

Deurbraak : Motorfietsryer gered – Ierland

Op 'n Vrydagaand het een van die leiers met 'n dronk fietsryer met tatoeërmerke gepraat en alhoewel hy onder die invloed was het hy voorgekom soos iemand wat met albei sy voete plat op die aarde staan. Ons het nie verwag dat hy die volgende oggend weer by die gebedskamer sal inloer nie…hy was die eienaar van die tatoeër salon langsaan. Hy het met 'n verteenwoordiger van *Gideons* gepraat wat hom van literatuur voorsien het. Nadat hy besluit het om Jesus te volg het hy die boek '*Bible in 40 days*' gaan koop om meer uit te vind. 'n Paar uur later het hy sy werkers gestuur om koffie te gaan koop en om uit te vind van die *'cool'* plek langsaan. (Webruimte: http://uk.24-7prayer.com/stories/prayer-room-londonderry-ireland/, 21/10/09). ***Prys die Here vir wat Hy in gebedskamers regoor die wêreld doen. Vra God om die verlorenes na soortgelyke gebedskamers te stuur in jou gemeenskap en land. Bid dat elke besoeker by gebedskamers God sal ontmoet en leer ken as die God-wat-vergewe en die Vriend van sondaars.***

Bid vir jou gemeenskap : Kindersorg

'n Vier-en-twintigjarige onderwyseres van 'n kleuterskool word aangehou in Suid-wes China nadat sy waarskynlik twintig kinders met 'n spuitnaald gesteek het om hul te dissplineer. Sy is in hegtenis geneem nadat ouers gekla het oor die mishandeling by die ongeregistreerde skool. 'n Drie-jarige seuntjie het ag naaldwonde gehad en was op hierdie manier behandel omdat hy nie wou slaap nie. (Webruimte: http://www.thestar.co.za/?fSectionId=&fArticleId=nw20091027070255438C564308, 27/10/09). ***Bid vir die beskerming van klein kinders in jou gemeenskap. Bid dat kinders waaksaam sal wees en enige vorm van mishandeling by owerhede sal aanmeld.***

Suid-Afrika : Graad 12 Eksamen

Graad 12-leerders het op 26 Oktober met die Nasionale Seniorsertifikaateksamen begin. Alle maatreëls word getref om die integriteit van die matriek eksamens te verseker. Drie persone, 'n onderwyser en twee leerlinge, is gearresteer nadat 'n Wiskunde 1 en 2, Natuur-en Skeikunde 1 en 2, en Rekeningkunde vraestel in hul besit gevind is. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/News/1059/a7525283e3e347fb90eb94ba22e6d1dd/22-10-2009-10-22/Matric_exam_leaks_dept_ready, 22/10/09). Tree asseblief vir die studente in dat hulle op hul studies sal fokus. Bid dat hulle daarvan bewaar sal word om moedeloos te raak, aan depressie sal lei of in die
eksamens kul.

Internasionaal : Lord's Resistance Army

Bid asseblief teen die brutale gewoontes van die *Lord's Resistance Army* (LRA) in Uganda, Soedan, Sentraal-Afrikaanse Republiek en Demokratiese Republiek Kongo. Die leier van LRA, Joseph Kony, beweer dat hy 'n medium is wat geinspireer word deur die Heilige Gees, maar hul volg 'n geloof wat 'n vermenging is van Christendom, animisme, mistisisme en towery. Die LRA beweer dat hul 'n regering tot stand wil bring wat gebaseer is op die Tien Gebooie. Hulle beweer dat die geweld slegs 'n manier is van reiniging in die samelewing, as iemand doodgemaak word, ongeag wie, is dit as gevolg van 'n gebod wat verbreek is. Dit word beraam dat die LRA sowat 188 burgers doodgemaak het en 68 000 misplaas het in Suid-Soedan sedert Januarie 2009 en 137 ontvoerings. Die mees kommerwekkende kenmerke van die LRA is die ontvoering van kinders, wat dan as soldate opgelei word of om wrede dade uit te voer of om hulle as seks slawe te gebruik. (E-pos: pray@viva.org, 26/10/09). ***Bid vir herlewing in Sentraal en Oos-Afrika sodat hierdie area vrygemaak kan word van die okkult, dat reg en geregtigheid sal geskied.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com